



PETRUSBURG NUUS

Deur God se genade 'n biddende gemeente wat mekaar in liefde dien en uitreik na die wêreld. *18 April 2021*

Derde Sondag in die Paastyd

Skriflesing: 2 Kor 1:3-11

Tema: **Moedeloos of moedig?**

Wat maak 'n mens as jy in 'n krisis kom? Die maklikste is om by almal wat wil hoor en nie wil hoor nie, daaroor te kla. Of te sug en te sê dit lyk jou God stel nie eintlik in jou nood belang nie.

Paulus wys hier vir ons dat daar 'n beter manier is: dat jy wêér sal kyk, op sal kyk, en God se hand, God se teenwoordigheid in jou krisis sal raaksien.



Ek glo ...

Só glo ons

NGB Art. 26 Christus ons Voorspraak

Ons glo dat ons geen ander toegang tot God het nie as net deur die enigste Middelaar en Voorspraak, Jesus Christus, die Regverdige. Hy het juis hiervoor mens geword en in Hom die Goddelike en menslike natuur verenig, sodat ons, mense, tot die Goddelike majesteit toegang kan hê, anders sou die toegang vir ons gesluit wees. *(word vervolg)*

Ons Program

Vandag

- **Gesinsdiens** om 9:30 olv ds Jaco Thom.
- **Kategese en Sondagskool**
- **Deuroffer:** Teologiese Beursfonds
- **Tee en verversings** – Wyk 6

Dinsdag

- **Bybelskool** om 18:00 in die kerksaal – Struktuur-analise

Vrydag 23 April

- **Skole sluit** vir die vakansie

Sondag 25 April

- **Erediens** om 9:30 olv ds Jaco Thom.
- **Geen kategese en Sondagskool** nie
- **Deuroffer:** Gemeente-Uitbreiding
- **Tee en verversings** – Geen (Vakansie)

Bybellees-program

Ons begin vandag met **2 Korintiërs**. Op die WhatsApp-groep *Petrusburg* kan jy elke dag 'n kort oordenking oor die betrokke hoofstuk kry, of op ons toep. Om by die WhatsApp-groep aan te sluit, kontak Jaco Thom of klik [hier](#). Die toep kan jy aflaai by Google Play of App Store. Soek net *NG Kerk Petrusburg*.

Manne aand

7 Mei – Hou die datum oop!

Vleis- en Oesfees en Mini-basaar - Maak jou gereed!

Ons beplan 'n Vleis- en Oesfees en mini-basaar op **29 Mei 2021**. Dit gaan 'n ietwat ander formaat aanneem as vorige vleisfeeste.

Insamelingslyste word tans in die wyke versprei en ons vra dat jy jou ouderling of diaken met 'n oop hand sal ontvang.



Neem asseblief kennis

Madette Lombaard is met verlof tot 30 April.

Die kerkkantoor sal weer oop wees vanaf Maandag 3 Mei.

Lief & Leed

Verjaarsdae

Die volgende lidmate verjaar in die week wat voorlê. Baie geluk! Mag dit 'n besondere jaar vir elkeen van julle wees.

April

20 Lihan Haasbroek; Hubart Janse van Rensburg

Dirk Klok (90j); Danie van Jaarsveld

21 Elize du Plessis

22 Karen Venter

Veels Geluk

Huwelikerdenking

April

20 Apie & Elsa Ebersöhn (47j)

21 Willie & Carina Naudé (20j)



Voorbidding

- Die **Venter-familie**. Tannie Bettie is die afgelope week oorlede en Saterdag begrawe.

Vrouebediening Kwartaal 2

Maria Groep (Wyke 3 & Leeuikuil)

Sameroeper: Amanda van der Westhuizen

3 Mei Skole Open

5 Mei Bestuursvergadering

9 Mei Nagmaal - Blomme & Dankbaarheidsbotteltjies

9 Mei Moedersdag

11 Mei Kerkraadsvergadering - Verversings

16-20 Mei Pinksterdienste - Sop (wyke maak beurte)

29 Mei Vleisfees en Mini-basaar

6 Jun Nagmaal - Blomme & Nuusbrief

20 Jun Vadersdag

9 Jul Skole Sluit

Ten slotte

Herderlike brief van die ringskommissie aan die Ring van Fauresmith

9 April 2021

Liewe broers en susters

Die Ring van Fauresmith het op 18 Maart 2021 by Koffiefontein vergader. Koffiefontein-gemeente het ons baie hartlik ontvang en ons kon heerlik vergader. Dit was goed om mekaar weer te kon sien. Ons het die gemeenskap van gelowiges daar beleef, en het die grootste deel van die vergadering gebruik om te praat oor die stand van die verskillende gemeentes wat die ring uitmaak.

Die ring het nie in 2020 vergader nie as gevolg van die inperking wat die pandemie gebring het. Sedert die vorige vergadering het die situasie in die ring drasties verander. Ds Arnold Nadel van Fauresmith en Jagersfontein het sy kontrak met die gemeentes beëindig en geëmeriteer en ds Theo Oosthuyzen het 'n beroep na Marikana aanvaar. Verder het prop Bernard van Wyk wat Springfontein bedien het, 'n beroep na Thabazimbi aanvaar.

Hierdie verskuiwings het 'n baie groot leemte in die ringsgebied gelaat, met slegs 4 predikante wat tans in gemeentes staan. Dit bring baie groot uitdagings vir die ring en in besonder vir die gemeentes Fauresmith, Jagersfontein, Luckhoff, Koffiefontein en Springfontein. Nie een van hierdie gemeentes is tans in 'n posisie om die vakatures te vul nie, en die ring het heelwat tyd daaraan gewy om na alternatiewe bedieningsmoontlikhede vir hierdie gemeentes te kyk. In die kerk is daar tans die moontlikheid om bedieningsleraars aan te stel of bedienaars te laat oplei, sodat die geestelike versorging en prediking in die gemeentes kan voortgaan.

Prop Van Wyk se tesis het gehandel oor die voortbestaan van 'n klein gemeente in die platteland. Die ring het besluit dat hierdie studiestuk gebruik kan word om ringsgemeentes te help om oplossings vir die bediening te vind. Sodra dit beskikbaar is, sal die ringskommissie 'n konferensie vir al die gemeentes reël om indringend te besin oor die toekoms van die kleiner gemeentes.

Tydens die ringsitting het ds Barnard Steyn, sinodale predikant vir gemeentebediening, met die ring gesels oor GOUF (Gemeente-ondersteuning en -uitbreidingsfonds). Uit dié fonds word gemeentes wat finansiële swaarkry, ondersteun. Die fonds kon in die afgelope boekjaar 5 gemeentes in die Vrystaat help. Drie van dié gemeentes is in die Ring van Fauresmith, wat dit wat die gemeentes in hulle verslae gemeld het, bevestig. Die ekonomie knel al die gemeentes, en die pandemie het ook 'n impak op die gemeentes se inkomste.

Ds Steyn het ook die vergadering ingelig oor die verskillende moontlikhede van bedienaars in 'n gemeenteverband. Daar is die gewone gemeenteleraar. Dan is daar diensleraars met 'n bepaalde bedieningsgebied. Die volgende is standplaasleraars vir 'n spesifieke bevoegdheid. Die bedienaars is die laaste groep wat as ouderlinge of diakens opgelei word met 'n bepaalde bevoegdheid in die gemeente. Gemeentes word aangemoedig om ds Steyn by die sinodale kantoor te kontak vir meer inligting.

Na aanleiding van die verslae van die gemeentes het die ring ook kennis geneem van trauma en kollektiewe trauma wat deur die pandemie veroorsaak is. Onderlinge ondersteuning vir mense wat getraumatiseer is deur die pandemie en alles wat dit meebring, is noodsaaklik om heling te bring.

Een van die ringsgemeentes (Petrusburg) het besluit om te doleer oor die besluite van die Algemene Sinode van 2019. Die ring word opnuut gewys op die behoudende (tradisionele) standpunt van die Vrystaat Sinode oor die gay kwessie.

Ons bid julle die seën van die Here toe. Mag Hy, die opgestane, lewende Here en die Koning van die kerk, julle deur sy Gees rig en bewaar.

<u>Leraar:</u>	Jaco Thom	084 523 1157	jaco@ngkerkpetrusburg.co.za
<u>Kantoor:</u>	Madette Lombaard	053 574 0279	ngkpetrusburg@gmail.com
<u>Orrelis:</u>	Elmien Thom	084 562 3434	elmien@ngkerkpetrusburg.co.za
<u>Koster:</u>	Annamarie Dercksen	072 499 4262	annamarie.dercksen@yahoo.com
<u>Webwerf</u>	www.ngkerkpetrusburg.co.za		facebook NG Kerk Petrusburg
<u>Kantoorure</u>	Maandae: 11:00-13:00 & Dinsdae – Vrydae: 08:00-13:00		
<u>Bankrekening</u>	ABSA Tjekrekening 2610580001		